

Rhino-Tracking im Hegegebiet am Huab-Rivier. Foto: Ultimate Safaris

- OMGEWING

# MYNBOU BEDREIG HUAB SE RENOSTERS

## Bewaringsorganisasies wil minister hof toe sleep

**'n Mynmaatskappy word toegelaat om sy aktiwiteite in die Huab-gebied uit te voer ondanks 'n swak omgewingsimpakstudie en geen konsultasies met geraakte bewaringsorganisasies nie.**

**Frank Steffen,Tanja Bause**

- 20 URE GELEDE - - 2022-11-14 00:00:00

Frank Steffen

“Watter nut het ’n grondwet waarin die beskerming van die omgewing ‘n sleutelrol speel as die politici nie omgee vir hierdie gedeelte nie en later is die verloop van die gereg so stadig dat natuurbewaring in ons land daaronder ly?” wou ‘n kritikus weet oor nog 'n mynbouprojek wat oënskynlik bestaande bewaringsprojekte direk knou.

Hierdie keer is die projekte ter sprake Namibië se renosterbeskermingsprogram, die Save the Rhino Trust (SRT), en die //Huab Conservancy wat hom beywer vir die bewaring van die Huab-bewaringsgebied.

Nadat die Kanadese olie- en gasmaatskappy Reconnaissance Energy (ReconAfrica) se eksplorasie-aktiwiteite in die Kavangostreek onbetwis deur die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme toegelaat is - selfs nadat die parlementêre staande komitee oor natuurlike hulpbronne leemtes in die omgewingsimpakstudie (EIA) en die uitvoering van dié aktiwiteite gevind het - is die Huab-bewaringsgebied nou aan die beurt. Die gebiede wat geraak word, word al etlike jare as beskermingsgebiede vir renosters gebruik.

HOF TOE

Danksy die pogings deur inwoners van dié gebied wat - as ‘n klein gemeenskap en aanvanklik sonder toerismeverwante inisiatiewe - die renosters wat in die gebied gevestig is gemonitor het, blyk daar tot op hede geen aangetekende geval van renosterstropery in hierdie bewaringsgebied te wees nie. Die gemeenskap van 600 mense staar nou die verlies van hul lewensbestaan in die gesig nadat die ministerie van myne en energie en die omgewingsministerie die opening van 'n ysterertsmyn toegelaat het - ondanks talle skriftelike besware. Die bewaringsgebied wil nou die minister van die omgewing, mnr. Pohamba Shifeta, hof toe sleep.

Die modus operandi is soortgelyk aan dié van ReconAfrica en die Russiese maatskappy Headspring Investment, wat beoog om uraan in die Stampriet-akwifer deur ‘n mynproses bekend as situ-uitloging te ontgin. Net soos in dié gevalle, word daar ook hierdie keer beweer dat die EIA tydens Covid-19-inperking uitgevoer is, toe die publiek nie die openbare vergaderings kon bywoon nie.

## GEEN VERGADERINGS

“Ons is nooit eens na 'n openbare vergadering of opname deur (die

omgewingskonsultant) Healthy Earth Environmental Consultants (HEEC) genooi nie,” het mnr. Jeffrey Hanadaob, ondervoorsitter van die //Huab Conservancy, beweer.

Hy en die voorsitter, me. Emma Gomes, stem saam dat die gemeenskap geen insig gehad het in mnr. Gerhardt Kariseb, die houer van die mynlisensie, se mynplanne nie. By navraag het Ultimate Safaris, die operateurs van die nabygeleë Huab Under Canvas-ruskamp, gesê nie hulle - wat in volhoubare toerisme spesialiseer - nóg die SRT is na enige vergaderings genooi nie.

“Ons bewaringsgebied het sy primêre inkomstebron verloor en ons bewaringslede wat by die Huab Under Canvas-lodge werksaam was, word afgelê.

Huab Under Canvas het in 2018 Nacso, Namibië se sambreelorganisasie vir die Gemeenskapsgebaseerde Natuurlike Hulpbronnebestuurprogram (CBNRM), se toekenning vir beste bewaringslodge, sowel as die verantwoordelike toerisme-toekenning (RTA), ontvang en vyf blomme ontvang by die 2019 Eco-toekennings, die hoogste moontlike toekenning vir ‘n volhoubare toerisme-instelling,” lui die //Huab Conservancy se mediaverklaring.

## MINISTER ‘VERSUIM SY PLIG’

Lede van die bewaringsgebied is dit eens dat Shifeta die gemeenskap en die sogenaamde Rhino Rangers se harde werk oor die laaste tien jaar tot niet gemaak het. Dit omdat die myn, wat glo grotendeels deur ‘n Chinese maatskappy besit word - ten spyte van herhaalde protes en amptelike skriftelike versoeke aan die minister - toegelaat is om swaar myntoerusting in te bring en met mynbedrywighede te begin. Dit glo so naby aan die ruskamp dat die masjiene soggens daar hoorbaar is.

Beleggings van miljoene deur private organisasies en maatskappye, waaronder die Omgewingsbeleggingsfonds van Namibië (EIF), wat N$2,5 miljoen in die bewaringsgebied belê het, is luidens die verklaring verlore.

“Ons wil nie kortstondige skadelike mynbedrywighede in ons gebied hê nie.”

Die minister het selfs op ‘n verhoor ná ‘n aantal konsultasies aangedring, maar mnr. David Iyambo van HEEC het glo nie opgedaag nie.

“Die minister het ons uiteindelik gevra om ons klagtes in die vorm van beëdigde verklarings in te dien sodat hy voor einde Junie 2022 ’n einde aan die saak kan maak. Maar niks het gebeur nie en nou lyk dit asof dit te laat is. Ons het reeds in 2020 die eerste stappe gedoen toe ons besef het die EIA word nie reg en ordentlik uitgevoer nie. Ons het geweet ons moes met die ministerie in verbinding tree voordat die myn masjinerie inbring. Nou is dit onvermydelik dat daar hofsake sal wees wat jare sal sloer, en dit is uiteindelik die geaffekteerde gemeenskap en ook die renosters wat daaronder ly. Die myn het effektief ons bewaringsgebied vernietig,” het een rolspeler gesê.

Die woordvoerder van die ministerie van die omgewing het belowe om binnekort op vrae te reageer.

republikein@republikein.com.na